
# DIE WAPAD

**STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.**

DEEL X. SATERDAG, 21 MEI 1955 No. 6


# THEOS KLOP U.O.V.S. IN INTERVARSITY




**In 'n spannende wedstryd, miskien meer vir die ondersteuners op die pawiljoen, het die Pukke die Kovsies in die belangrikste wedstryd van die dag totaal oorrompel met 'n eindtelling van sestien punte teenoor drie. Omdat daar met rustyd nog geen telling was nie, het 'n mens nooit geweet wat om te verwag nie. Die tweede helfte het egter duidelik uitgewis wie die beste span was.**

**Die voorafgaande voorstelling van die tweedejaars het geblyk 'n ware professie te wees toe hulle gewys het hoe die Oukies verjaag word. Toe die spanne voorgestel is en die dirigente hulle heildronke gedrink het, was almal se senuwees byna op 'n breekpunt gewees. Die belangrikste wedstryd van die Intervarsity — en almal het stip op die veld gekyk.**

Die wedstryd het op 'n taamlike lae noot begin toe die bewegings maar traag gekom het en die spelers mekaar nie mooi kon vind nie. Na sowat 'n vyf minute het Groot Dick Putter die Puk amper laat voorloop met 'n reuse strafskop, maar ongelukkig was dit mis.

Vyftien minute later het N. Smith vir U.O.V.S. 'n maklike drie punte weggegooi toe hy 'n maklike strafskop verbrou het. Die spanning het geloop toe Ben van der Walt van sy eie vyf-en-twintig af deurgebreek het en op die halflyn voorgekeer is deur die heelagter met verder 'n oop veld voor hom.

Na rustyd het Lang Stoney Steenkamp 'n drie langs die pale gedruk na 'n agterlynbeweging van die halflyn af toe Jan de Wet die bal geskop het en die U.O.V.S.-heelagter die bal misgevang het. 'n Knap stukkie werk is gelewer toe Blom aan die ander kant by die agterlyn aangesluit het en Ben van der Walt deurgegaan het vir 'n drie. Die vervyfskop was mis.

Nadat hy 'n bietjie senuweeagtig begin het, het cmfw cmfwyp fwyppp 'n voorspeler is, op hierdie stadium begin om eintlik vir die spel van die agterlyn te sorg. Van rustyd af het die Pukke ook in die Kovsies se halfgebied begin boer en van toe af was daar feitlik net een span op die veld en veral die P.U.-voorspelers het die bal mooi rondgegooi. Die telling het op elf—nul te staan gekom toe Dick Putter die bal vir Ben van der Walt gegee het wat in die hoek gedruk het. Klein Dick kon nie vervyf nie.

Die eerste keer toe U.O.V.S. weer in die Pukke se halfgebied gekom het, het Smith 'n strafskop oorgesit om vir die enigste drie punte van U.O.V.S. te sorg. Die Pukke het egter nie op hulle laat wag nie en Klein Dick het deurgebreek, die bal na At Engelbrecht gegee wat gesorg het dat die veld oop is voordat hy die bal uitgegee het vir 'n maklike drie. Oos van der Merwe het vervyf en so die eindtelling op 16—3 te staan gebring.

Nokkels Fourie, Billy Duvenhage, Hendrik Erasmus en Swart, Stoney Steenkamp, om enkele name uit te sonder, was die Pukke se uitblinkers. Nokkels se mooi breke veral, het die Pukke amper laat hartverlamming kry.

Vir die Kovsies het Kruger die kaptein, en Smith veral lewendige en mooi spel gelewer. Dit is jammer dat Jan de Wet van die Pukke, nie wou uitgee nie — anders kon die telling dalk nog hoër gewees het.

# HEELAGTER DRUK DRIE

## NAVY WEN 12-5

In 'n wedstryd met taamlik min agterlynbewegings, het die Navy tog daarin geslaag om U.O.V.S. se tweede span met 12-5 te klop. Die voorspelers moes 'n harde spel speel en by die agterlyn het die bal telkens net tot by die senters geloop.

Die tweede helfte van die wedstryd was 'n ongelukkige teëstelling met die eerste helfte. In 'n dooierige spel was daar min samespel en die spel was beperk tot die voorspelers. Die beperkte aantal agterlynbewegings het ook telkens by die senters doodgeloop. Abe Pelzer (P.U.) sal moet leer om die bal te laat loop. Dit was teleurstellend om te sien dat hy so lank aan die bal vashou. Eenkeer het hy 'n mooi drie wat kon volg, weggegooi deurdat hy nie gou genoeg uitgegee het nie.

Nietemin het dit geblyk dat die Navy tog hulle opponente oor was en hulle mooi oorwining goed verdien het.

In die eerste kwartier het Abe Pelzer 'n gaping geneem en n' onvervyfde drie gedruk. K. Swanepoel het hierna weer oorgegaan vir 'n drie en die vervyfskop was weer mis. Nadat een van die U.O.V.S.-spelers gevaarlik deurgebreek het, het Louw Erasmus, die Puk-heelagter, hom voorgekeer en hierna self oorgegaan vir 'n mooi drie. Die vervyfskop was weer mis. Die rustydtelling was ook 9—0.

Naby die einde van die wedstryd het Harrington van P.U. deurgebreek vir 'n baie mooi drie in die hoek. Weer kon Hauptfleisch nie vervyf nie. Die U.O.V.S.-span het 'n bietjie reggeruk en die kaptein, Labuschagne het oorgegaan vir 'n vervyfde drie. Die eindtelling was dan ook 12-5.

Alhoewel die U.O.V.S. se span baie lig skyn te wees het hulle tog goed gehou teen die Navy wat die oorwinning werklik verdien het.


## ONS SÊ DANKIE, REMBRANDT

**Langs hierdie weg wil die redaksie van „Die Wapad" hulle hartlike dank oorbring aan die Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie vir hulle goedgunstelike samewerking om hierdie spesiale uitgawe van ons studenteblad moontlik te maak. Dit het nog nooit in die verlede gebeur dat die redaksie 'n spesiale Intervarsity-uitgawe die lig laat sien het nie, deels omdat dit vroeër nie moontlik was nie en deels omdat die finansies dit nie toegelaat het nie. Hierdie jaar, egter, is Rembrandt genader en het hulle hulle weg oopgesien om die gehele onkoste van ons blad te dek.**

**Ons kan aan hierdie maatskappy net sê dat ons dit baie hoog op prys stel en hulle baie dankbaar is daarvoor.**

**HOOFREDAKTEUR,**
**„Die Wapad"**

# Die Afrikaanse Lewenswyse




Om voetbal te speel, om Rugby te praat, om te juig vir wie jy ook wil . . . . . . *dit* is die Afrikaanse lewenswyse. Maar of jou span ook al wen of verloor, Rembrandt word altoos verkies. . . . . . ook *dit* is tipies Afrikaans.

Rembrandt

„ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK"

Kopiereg. R.A.6.

# Die Wapad

SATERDAG, 21 MEI 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... ...... ...... ...... M. J. Strydom.

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR E. J. Smit.

NUUSREDAKTEURS ...... ...... ...... ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.

KUNSREDAKTEURS ...... ...... ...... ...... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.

SPORTREDAKTEURS ...... ...... ...... ...... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.

VARIAREDAKTEURS ...... ...... ...... ...... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.

SPOTPRENTTEKENAAR ...... ...... ...... J. M. Smith.

FOTOGRAAF ...... ...... ...... ...... ...... ...... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ...... ...... ...... ...... ...... ...... A. S. Hechter.

LEDE

...mit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, ... Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, ...anepoel.


# DIE GEVOEL VAN KAMERAADSKAP

'n Intervarsity teen U.O.V.S. is vir die Pukke nog altyd iets om na uit te sien. As hierdie twee jongste Afrikaanse Universiteite mekaar op die sportveld en die pawiljoen ontmoet, dan wek dit sommer by 'n mens die gevoel van kameraadskap. In die verlede was dit nog altyd so dat ons met 'n Intervarsity hierdie bande versterk het. Daarom dat 'n Intervarsity tussen die Kovsies en die Pukke nog altyd so suksesvol was. Nie alleen is dit 'n liggaamlike kragsmeting op die sportveld nie, maar daar is ook die hartlike omgang met mekaar langs die veld. Ons ken mekaar al en ons weet wat ons aan mekaar het. Een in hart en een in sin, is ons lewensideaal en -stryd na dieselfde einddoel gerig en dit is die grond waarop die aangename Intervarsitygees tussen ons onwankelbaar staan.

In die spel staan ons egter teenoor mekaar. Die aanval van die een wat daarop gemik is om die verdediging van die opponente te oorskadu, verg konsentrasie en fyn beplanning aan albei kante, sodat dit nie 'n blinde fisiese spel bly nie, maar dit word 'n geestelike spel van aanval en verdedig — en juis daar leer ons mekaar ken en verstaan.

So 'n kragsmeting tussen vriende moet altyd blywende goeie gevolge hê. Mag dit dan wees dat, wanneer die Oukies vertrek, nie alleen 'n ander aangename Intervarsity agter die rug is nie, maar ook dat die studente van twee Afrikaanse Universiteite mekaar beter leer ken het, en weer bewus geword het van die dinge wat so intiem eie is aan hulle en die Afrikanervolk waaraan hulle behoort. Want hulle pret is een pret, hulle plig is een plig en hulle strewe is een strewe.

# Oordenking

## U is die Christus

**Mattheus 16:15: „Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle, is ek?"**

In Nasaret is Jesus verag. Is Hy dan nie die seun van Josef, die timmerman nie? Groot skares wat Hom aangehang het, het Hom reeds verlaat. Aan hulle kon Christus die Messias belydenis nie ontlok nie. Sal Sy volgelinge ook naderhand weggaan? Sal hulle ook naderhand in die versinsels glo? Voordat hulle op hul swak fondamente sal wankel wend Jesus Hom tot Sy disiepels: „Wie sê die mense is Ek?

Sorgvuldig vermy die disiepels die kern van die vraag. Hulle noem slegs die mense wat Jesus goed gesind is. Hierdie mense spreek met eerbied van Jesus. Hulle glo wel dat Christus Sy mag van God kry, maar hoe dwaal die verduisterde menslike verstand nie! „Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete. „Slegs 'n gedeelte van die volk word hier genoem — die gedeelte wat glo dat siele na verskillende liggame verhuis. Die openbare vyande word nie genoem nie; ook nie die goddelose veragters van Jesus nie.

Maar nou kom die vraag pertinent tot die disiepels en ook tot ons. Sou hulle ook dwaal? Sou hulle waaragtig glo dat Hy die Christus is? **„Maar julle, wie sê julle, is ek?"** Hier maak Christus onderskeid tussen Sy disiepels en die skare. Terwyl die wêreld hom tot sy versinsel wend word die disiepels tot verantwoording geroep. Die verwagting van die Christus kon die satan nie aantas nie, maar verdeeldheid kon hy saai. Met daardie uiteenlopende belydenis het hy die oorspronklike eenheid verbreek. Voeg ons ons by die skare of voeg ons ons by die disiepels: **„Here, U is die Christus, die Seun van die lewende God."** 'n Kort belydenis maar hoeveel hou dit nie in nie! Saam met Petrus bely ons met die mond, maar kom dit werklik uit die hart? Die vurige Petrus bely hier sonder twyfel. Uit sy hart kom dit: „U is die Christus." Van elkeen wat dit bely word nie algehele oorgawe verwag nie maar ook 'n onbaatsugtige opoffering. Die belydenis vra baie. U kan nie twee Here dien nie.

**Nie net op die sportbane, of in ons werk moet ons belydenis waargeneem kan word nie, maar oral en altyd. Ons hele handel, ons doen en late — ja alles, moet uitroep: „U is die Christus, die Seun van die lewende God!!"**

Hoe faal ons nie gedurigdeur om volgens ons belydenis te wandel nie! Gedurig is ons geneig om God en ons naaste te HAAT. Dié belydenis eis juis Gods-liefde en naasteliefde, maar wat gebeur? Dikwels twyfel ons aan die goddelike waarhede of skenk daar glad geen aandag aan nie. Sonder ons ons nog af in ons binnekamers om ootmoedig om goddelike versterking te smeek? Hoe dikwels probeer ons nie vlug vir God en sy gebod nie? Hoe dikwels probeer ons nie met mooi gedagtes of drogredenasies ons skuldige gewetes te salf nie?

Kan ons dan nog bely: „U is die Christus, die Seun van die lewende God?"

Weer eens kom die vraag tot ons: Bely ons ook een of ander versinsel? Ons wat dikwels afdwaal en God en Sy gebod vergeet; ons wat dikwels naasteliefde inboet vir eie belang. Kan ons nog bely: „U is die Christus, die Seun van die lewende God"? Sal Hy ook aan ons sê: **„Salig is jy want vlees en bloed het dit aan jou nie geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is"?**

Mag die Here ons die genade gee dat ons altyd hierdie belydenis waardig sal wees.

A. P. C. DUVENHAGE.

## KORT EN KRAGTIG

Elke deeglik gegrondveste antipatie is 'n vorm van selfverwyt.

* * *

Middelmatigheid word die duidelikste (en pynlikste!) gekenmerk deur afkeer van oordrywing.

* * *

Toe ek jonk was het ek gehou van die wêreld; nou hou ek van my wêreld.

* * *

Ek het meer en onversoenliker vyande gemaak deur my agterlosigheid as met my skerp tong.

* * *

Ek verheug my as 'n swyger spreek en as 'n spreker swyg.

* * *

Wie weier om te veg word neergeslaan.

* * *

Die mens is te onbelangrik om net ernstig, en te belangrik om net 'n grap te wees.

* * *

Daar is 'n groot mate van intelligensie nodig om iets op 'n intelligente wyse nie te begryp nie.

* * *

Die geringheid van die stoflike blyk uit die feit dat mens dit kan waarneem; die grootheid van die onstoflike dat mens dit moet glo.

* * *

Wie nie aan wonders glo nie, glo nie aan sy eie bestaan nie.

# O-19 Speel Aanskoulike Spel

## P.U. WEN 17-0

Die O-19-spanne het vanmiddag weer met die aanskoulike spel voor die dag gekom wat alleen die O-19's kan lewer. Die P.U. kon spog met 'n eindtelling van 17-0, maar die telling kon veel hoër gewees het as daar nie soveel straf- en vervyfskoppe verbrou is nie.

Vroeg in die spel het Kerrie Kruger, die P.U.-losskakel 'n maklike strafskop voor die pale verbrou. Agt minute later het Frans de Bruyn 'n strafskop oorgesit om die Pukke te laat voorloop met drie punte.

Nie lank hierna nie, het Kruger 'n hoë skop geskop nadat hy die bal uit die skrum gekry het. Die Pukke het opgevolg met 'n pragtige agterlynbeweging en Ammie van Wyk het sy pragdrie gedruk. Die vervyfskop was mis en die Pukke het met ses punte voorgeloop.

Kort na rustyd het Ackerman, die P.U.-agsteman, oorgegaan vir 'n drie na 'n vyf-treë-skrum. Weer was die vervyfskop mis. Hierna is opnuut drie punte weggegooi toe Hugo 'n maklike strafskop voor die pale verbrou het.

Die mooiste drie van die middag is aangeteken toe die Pukke 'n skrum naby die lyn gewen het. Kruger, die knap losskakel, het die bal na die vleuel laat loop wat dit weer vir hom teruggestuur het. Kruger kon toe maklik ooegaan vir die drie.

Die vervyfskop was egter weer mis.

Die laaste drie is aangeteken toe Beetge na pragtige samespel met die vleuel oorgegaan het vir 'n drie. Hierdie keer kon Kruger vervyf en dit het die eindtelling te staan gebring op sewentien teenoor nul in P.U. se guns.

Die telling vir die Pukke kon minstens sewe-en-twintig gewees het as daar nie so baie skoppe verbrou is nie, waarvan meeste baie maklike skoppe was. Uitmuntende spel is gelewer deur Ackerman die P.U.-agsteman, Kruger die P.U.-losskakel en Lessing die een vleuel. Ons verwag nog baie van hierdie spelers. Dit was duidelik dat die U.O.V.S. se ondernegentiens nie opgewasse teen hierdie puik spannetjie van die P.U. was aan wie daar net geen keer was nie.

* * *

## DERDE VOETBAL

Die wedstryd was gekenmerk deur 'n kwaai stryd onder die voorspelers. Die verdediging aan albei kante was besonder goed. Die spel was egter aan die los kant. Punte vir U.V. is aangeteken deur Wessels, Coetzee en Rautenbach, elk 'n drie. Vir P.U. het Hechter en van Rensburg elk 'n drie gedruk. Eindtelling 9—6 in U.V. se guns.

## EERSTE KORFBALSPAN

Hierdie spel was gekenmerk deur lewendigheid en alhoewel die Pukke die Oukies gedurig onder gehad het, het hulle nooit moed opgegee nie. Die Pukke se samespel was perfek en Stefanie du Plooy het, as doel, deeglik van haar kanse gebruik gemaak. Die Puk verdedigers en veral Lidie Bekker en Casper Venter het gesorg dat die bal selde by die Oukies se doelpaal gehou is. Die eindtelling was 43—10 in P.U. se guns.

* * *

## U.O.V.S. WEN JUKSKEI

Die Jukskeispanne was vanoggend die eerste om aanmekaar te spring en dit was 'n goeie begin vir 'n aangename intervarsiy aangesien die spel deurgaans in die goeie gees afgespeel is wat Jukskei en veral intervarsity kenmerk.

Die spanne wat opgetree het, het net bestaan uit mans aangesien U.O.V.S. geen damespelers saamgebring het nie. In die begin was die spel, wat die eerste spanne betref, taamlik gelykop, en nadat eers U.O.V.S. „vasgeval" het en daarna P.U., het U.O.V.S.deurgedruk om die eerste skof te buit. Daarna het hulle seker gemaak van hulle saak om ook die tweede skof te buit en het 18—17 voorgeloop in die derde toe die tyd verstreke was. U.O.V.S. se eerste span wen dus 13—2.

By die tweede spanne was U.O.V.S. ook die beste daaraan toe en nadat elk 'n skof gebuit het was U.O.V.S. in die derde skof ver voor in punte om 9½—5½ te wen.

* * *

## ONTGROENING BLY BEHOUE

Die debat wat gisteraand plaasgevind het, is, soos uit die stemming geblyk het, gewen deur U.O.V.S.. As sprekers vir U.O.V.S. het opgetree mnre. **H. Erasmus** (inleier), **D. du Plessis en S. du Plessis.** Vir die P.U. het opgetree mnr. **T. van der Walt** (inleier), **mej. E. Kruger** en mnr. **P. de Bruyn.** Die besprekingspunt was die wenslikheid aldan nie van ontgroening, en U.O.V.S. het die standpunt verdedig dat ontgroening wel wenslik is. Die vasvrawedstryd het gelykop geëindig tussen die twee spanne met elf punte vir elke span.

## EERSTE MANSHOKKIE

Hoewel die wedstryd tussen die eerste manshokkie spanne nie algeheel eensydig was nie, was U.O.V.S. tog beslis die sterkste span. Die P.U. voorlyn het 'n paar mooi bewegings gehad, veral in die eerste helfte, maar oor die algemeen kon hulle mekaar nie vind nie. Pukke wat uitgeblink het was Piet, Bern, Jackie en Sampie. Die rustyd telling was 2—0 en die eindtelling 3—0 in U.O.V.S. se guns. Die doele is aangeteken deur De Wet, Schonegevel en Mclonghlan.

* * *

## DAMESHOKKIE

Die eerste dameshokkie span het op 'n oortuigende wyse U.O.V.S. se dames met 3—0 geklop vanoggend. Die wedstryd was van die begin af baie vinnig en lewendig en die eerste twee doele is heel aan die begin van die wedstryd aangeteken.

Die doele is geskiet deur Marie Visser, Jo Schoeman en Selma van Schouwenburg.



**Therese van der Merwe, kapteine van die Dameshokkiespan.**

## DAMESHOKKIE

In die laaste wedstryde van die oggend het U.O.V.S. weer gewen, met 'n telling van 2—1. As 'n geheel het U.O.V.S. beter vertoon as die Pukke. Die Puk se voorspelers kon nie kombineer nie en die bal het die vleuels baie min bereik, anders kon die telling dalk anders gewees het. Die Pukagterspelers het 'n onsamehangende los spel gespeel. Net nadat Rina Ludolff die Puk se enigste doel geslaan het, het die eindfluitjie geblaas.

* * *

Alle berigte in hierdie uitgawe van die „Wapad" is opgestel deur die lede van die redaksie, nagesien en van opskrifte voorsien deur die hoofredakteur, en gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 17, Potchefstroom.

## TENNIS-UITSLAE

(U.O.V.S. word eerste genoem)

**Dames enkel: Totaal U.O.V.S.—42, P.U.— 36.**

Robbert vs. Papendorf, 5—8;
Serfontein vs. van Rooy, 1—12,
Du Toit vs. Struwig 8—5;
Smith vs. Schoeman, 12—1;
Ferreira vs. van Niekerk, 6—7;
Pienaar vs. Bischoff, 10—3.

**Dames Dubbel: Totaal U.O.V.S. 56, P.U. 61.**

Bobbert en Serfontein verloor teen Papendorf en van Rooy 11—2, wen Struwig en Schoeman 12—1, wen van Niekerk en Bischoff 12—1.

Du Toit en Smith verloor teen Papendorf en van Rooy 11—12, wen Struwig en Schoeman 8—5, wen van Niekerk en Bischoff 10—3.

Ferreira en Pienaar verloor teen Papendorf en van Rooy 1—12, verloor teen Struwig en Schoeman 3—10, wen van Niekerk en Bischoff 7—6.

**Groot-Totaal: U.O.V.S. 98—P.U. 97**

**Mans enkel: Totaal U.O.V.S. 76, P.U. 59.**

Smit vs. du Plessis, 6-4, 2-6, 6-2;
De Waal vs. Makkink, 6-1,6-2;
Van der Merwe vs. Snyman 6-0, 3-6, 6-3.
Nel vs. Posthumus 6-5, 6-5;
Van der Heever vs. Sonnekus 4-6, 2-6;
De Kock vs. Scholtmeyer 6-4, 5-6, 6-

**Groot-Totaal U.O.V.S. 110, P.U.90**

**Mans dubbel: Totaal U.O.V.S. 34, P.U. 31.**

Smit en De Waal verloor teen Prof. Smit en Snyman 6-7; wen Makkink en Posthumus 8-5.
Van der Merwe en Nel verloor teen Prof. Smit en Snyman 4-9; wen Makkink en Posthumus 7-6.
Van der Heever en De Kock wen Sonnekus en Scholtemeyer 9-4.

* * *

## TWEEDE KORFBAL

Reeds met die eerste wedstryd van die dag het Pukke die Oukies gewys waar Dawid die wortels gegraaf het. Die halftyd-telling was 7—3 in Puk se guns. Na halftyd het die spel aansienlik opgewakker. Die U.O.V.S. verdediging en veral die middels: Bets Meyer, Lindie Pienaar en Julia Botha het hulle doele goed ondersteun. Eindtelling was 17—13.

* * *

## TWEEDE MANSHOKKIE

In 'n ietwat oninteressante wedstryd het die Pukke gelykop gespeel met die span van die U.O.V.S., met 'n telling van een elk. Die U.O.V.S.-agterspelers het mooi gekeer terwyl hulle voorspelers telkens gevaarlik op die aanval was. Die P.U.-agterspelers was minder seker en het 'n gebrek aan selfvertroue getoon. Hier kan egter die name van Van Wyk en Duvenage genoem word wat telkens die span gered het. By die voorspelers was daar 'n algehele gebrek aan samespel. Die doele is aangeteken deur Denkema (P.U.) en Blackie Sanders (U.O.V.S.).